OGGEND-BYBELSTUDIE

HEIDELBERGSE KATEGISMUS

STUDIESTUK 1

Dankie dat ons weer oor die Kategismus kan gesels. Bekende stof vir ons almal maar die wonderinhoud kon dalk al vir sommige van ons onder die stof beland het.

GENIET DIE VOËLVLUG EN KOM OPNUUT WEER ONDER DIE INDRUK VAN GOD SE SORG VIR SY KERK OP AARDE.

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Wat is die Heidelbergse Kategismus?

- Een van ses belydenisskrifte wat menslike geskrifte is. Daarom staan dit nie naas of bokant die Bybel nie, maar ONDER die Bybel en kan altyd weer aan die Bybel getoets word. Die Kategismus is dus opgestel uit God se Woord en kom in alles ooreen met God se Woord.

Wat is 'n belydenisskrif?

Kyk of jy 'n antwoord kan formuleer. Ons gesels hieroor as ons bymekaar kom.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Waarom is belydenisskrifte noodsaaklik?

- Sodat kinders van die Here kan weet presies wat hulle glo.
- As 'n getuienis teenoor die wêreld.
- Om die ware godsdiens suiwer aan die nageslag oor te dra.

Die "geskiedenis" van die Heidelbergse Kategismus?

- In 1563 te Heidelberg in Duitsland opgestel in opdrag van Frederik III, keurvors van die Paltz.
- Paltz was een van die vorstedomme wat deur Otto van Bismark deel gemaak is van die verenigde Duitsland.
- Frederik III het die Protestantse godsdiens oorgeneem en deel van sy vorstedom was die onkundigheid van lidmate wat uit die Rooms-Katolieke Kerk gekom het, a.g.v. die feit dat die Roomse Kerk die Bybel slegs aan die kerkleiers beskikbaar gestel het – en dan in Latyn. Die kerkvolk was dus afhanklik van die "predikante" en wat hulle verkondig het as die wil van God. (Mens kan jou net indink! Dit het al die dwalings en afwykings en tradisies van die Roomse Kerk ingesluit.)

DUS:
Een van die primêre vreugdes van die Reformasie was juis om die Bybel in verskillende tale aan lidmate = die kerk, beskikbaar te stel. Maar a.g.v. die hoë vlak van ongeletterdheid en onkunde oor die inhoud van die Christelike geloof is die kategismus deur Ursinus en Oleviamus as 'n werkboek vir lidmate geskryf.

Dink na oor die volgende en deel jou gedagtes met die Bybelstudiegroep as ons DV vergader:

→ Hoe sou jy gerageer het indien jy nie die taal waarin die Bybel geskryf is kon lees nie, maar jy begeer om die boodskap te verstaan?

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Watter rol speel die Bybel in jou moedertaal in jou lewe?

→ Dank ons die Here genoeg vir die Bybel in Afrikaans?

→ Bid ons deurgans vir die groot taak op die skouers van Bybelvertalers?